

17 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: HABAKUK 3:1-19
FOKUSGEDEELTE: HABAKUK 3:2,16

Gebed dat God sal ingryp in die nood

Habakuk het aan die begin gekla oor die onreg, geweld, ellende, onderdrukking, getwis en gebaklei. Slegte mense het die oorhand oor goeies. Daar wag groter ellende onder wrede Galdeërs. Hy was verskrik oor die straf, maar het ontsag gehad oor alles wat God gedoen het. Hy het onder die indruk gekom van sy heerskappy. In sy gebed kla hy nie meer nie. Hy bid dat die Here in sy almag en genade sal ingryp in hulle noodsituasie en dat Hy verlossing sal bewerk. Die regverdige vertrou nie verniet op Hom nie. Hulle sal die lewe behou. Op sy tyd sal Hy 'n einde maak aan die heerskappy van die goddelose. Habakuk erken en bely die sonde van die volk. Hy bid om vergiffenis. Hy bly getrou, al is hulle ontrou. Jesus Christus was getrou. Hy het ons straf ten volle gedra en ons weer naby God gebring. Deur sy Gees en Woord erken en bely ons ons sonde en bid ons om vergiffenis.

Habakuk spreek sy vertroue uit dat God steeds vir sy volk sal sorg, al gaan hulle deur donker dieptes. Daar is altyd rede om baie bly te wees in die Here. Geloofsvreugde is nie afhanklik van uiterlike voorspoed nie. Met innerlike vreugde in die Here oorkom ons alle vrees, hartseer, pyn, gebrek en bedreiging. In gebed gee ons ons meer en meer oor aan Hom. Die Heilige Gees gee krag en moed om beproewing geduldig te dra, versoeking te weerstaan en twyfel, kleingeloof en vrees te oorkom.

Sing: Psalm 138:2-4 (1936-beryming)

Psalm 90:9 (1936-beryming) Ds Willem van der Merwe (Barkly-Oos, Elliot/Maclear)